RAND WATER	DOKUMENTTIPE **HANDLEIDING**	**DOKUMENTNR.: RW REC 00100 M**
TITEL: HANDLEIDING INGEVOLGE ARTIKEL 14 VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING (WET 2 VAN 2000)		**HERSIENINGSNR. 04**
DOKUMENT-EIENAAR: HOOF- UITVOERENDE BEAMPTE: GEDEELDE DIENSTE	**EFFEKTIEWE DATUM**	
OUTEUR: KORPORATIEWE REKORDDEPARTEMENT		

(1) PDU-gekontroleer	(3) EIENAAR	(4) GEMAGTIG DEUR:
Bestuurder: Beleidsontwikkeling	**Hoofbeampte: Tegnologie-inligting**	**Hoof- Uitvoerende Beampte**

INHOUDSOPGAWE

1. LYS VAN AKRONIEME EN AFKORTINGS 2
2. INLEIDING 3
3. BESKIKBAARHEID VAN HIERDIE HANDLEIDING 3
4. FUNKSIES EN STRUKTUUR VAN RAND WATER 3
5. KONTAKBESONDERHEDE VAN INLIGTINGSBEAMPTES 4
6. GIDS DEUR INLIGTINGSREGULEERDER 6
7. HOE OM TOEGANG TE VERKRY TOT REKORDS WAAROOR RAND WATER BESKIK 7
8. PERSOONLIKE INLIGTING 10
9. OORWEGING VAN VERSOEK 16
10. REKORDS WAT OUTOMATIES BESKIKBAAR IS 16
11. REKORDS WAT FORMEEL VERSOEK MOET WORD 17
12. REMEDIES TEEN GRONDE VIR WEIERING 18
13. BESKIKBARE DIENSTE 18
14. OPENBARE DEELNAME 19
15. VERMISTE REKORDS 20
16. VERNIETIGING VAN REKORDS 20
17. HERSIENING 20
18. VERWYSINGS 20
19. REKORD- EN DATABEHOUD 20
20. HISTORIESE OORSIG VAN VERANDERINGE AAN DOKUMENTE 20

ORIGINAL APPROVED

1. LYS VAN AKRONIEME EN AFKORTINGS

TERM/AKRONIEM	BETEKENIS
Die Wet	Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting nr. 2 van 2000
"HUB"	Hoof- Uitvoerende Beampte
"AIB"	Adjunk-inligtingsbeampte
"DTI"	Digitale Tegnologie en Inligting
"IB"	Inligtingsbeampte
"PAIA"	Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet 2 van 2000) (soos van tyd tot tyd gewysig)
"PoPIA"	Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (Wet 4 van 2013);
"Reguleerder"	Inligtingsreguleerder
"Rand Water"	i. 'n Regspersoon opgerig ingevolge artikel 28 gelees saam met artikel 84 van die Wet op Waterdienste; en ii. elk van die filiale van die regspersoon geïdentifiseer in (i) hierbo: a) Rand Water Services (Edms.) Bpk.; b) Rand Water Foundation (Edms.) Bpk.;
"Wet op Waterdienste"	Wet 108 van 1998.

ORIGINAL APPROVED

2. INLEIDING

2.1. Hierdie PAIA-handleiding (“die Handleiding”) word uitgegee ingevolge artikel 14 van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet 2 van 2000).

2.2. PAIA gee gevolg aan die bepalings van artikel 32 van die Grondwet wat voorsiening maak vir die reg op toegang tot inligting wat deur die Staat gehou word en inligting wat deur ’n ander persoon gehou word waar daardie inligting benodig word vir die beskerming van enige reg.

2.3. PAIA het ten doel om ’n kultuur van deursigtigheid en aanspreeklikheid in beide die openbare en privaat sektor aan te wakker deur aan iedereen die reg op toegang tot inligting te bied sodat almal al die regte ten volle kan uitoefen en beskerm.

2.4. Die doel met hierdie Handleiding is om die prosedures wat gevolg en die kriteria waaraan voldoen moet word uiteen te sit, sodat enigeen (“die versoeker”) toegang tot rekords in besit of onder beheer van Rand Water kan versoek.

3. BESKIKBAARHEID VAN HIERDIE HANDLEIDING

3.1. Hierdie Handleiding is beskikbaar op ons webtuiste: www.randwater.co.za. ’n Afskrif kan ook via e-pos versoek word vanaf die inligtingsbeampte of adjunk-inligtingsbeampte. Die Handleiding kan ook van die Inligtingsreguleerder af verkry word.

4. FUNKSIES EN STRUKTUUR VAN RAND WATER

4.1. FUNKSIES

4.1.1 Rand Water se hoofdoelwit is om in grootmaat drinkwater en sanitasiedienste te verskaf aan daardie gebiede wat ingevolge die Wet op Waterdienste aan hom opgedra is.

ORIGINAL APPROVED

4.1.2 Benewens die lewering van kerndienste is Rand Water ook gemagtig om ander sekondêre aktiwiteite te lewer. Juis daarom vervul hy ’n vername rol in sanitasie, gemeenskapsgebaseerde intervensies en ander aktiwiteite wat daarop afgestem is om waterdiensowerhede en -instansies se vermoë om doeltreffende, doelmatige, volhoubare en kostedoeltreffende waterdienste aan kliënte te lewer, te ondersteun en te versterk.

4.2. SKEMATIESE DIAGRAM VAN STRUKTUUR



5. KONTAKBESONDERHEDE VAN INLIGTINGSBEAMPTES

5.1 Ingevolge die Wet, word ’n openbare liggaam se hoof- uitvoerende beampte, of ’n beampte met ’n gelykwaardige status, as die inligtingsbeampte aangewys. Die besonderhede van Rand Water se inligtingsbeampte is soos volg:

The Chief Executive
Fisiese adres: 522 Impala Road
Glenvista
JOHANNESBURG
2058

ORIGINAL APPROVED

Posadres:	P O Box 1127 JOHANNESBURG 2000
Telefoonnommer:	+2711 682 0911
Telefaksnommer:	+2711 682 0444/0555
E-pos:	PAIA@randwater.co.za

ORIGINAL APPROVED

5.2 Die Hoof- Uitvoerende Beampte het, ingevolge artikel 17(3) van PAIA en artikel 56 van PoPIA, die bevoegdhede en verpligtinge wat deur beide wette aan hom opgedra is, aan die volgende amptenare gedelegeer wat die funksies van adjunk-inligtingsbeampte/s sal verrig:

Hoofbeampte: Gedeelde Dienste	Alle inligting binne Rand Water-groep
Hoof: Rand Water-instituut	Alle navorsing (intern en ekstern)
Hoof- Finansiële Beampte	Alle inligting verwant aan Rand Water se filiale, soos omskryf.
Besturende Direkteur	Rand Water Services (Edms.) Bpk.
Hoofbestuurder: RWS	Rand Water-stigting

5.3. Die inligting van die twee werknemervoordeelfondse (d.w.s. mediese fonds, voorsieningsfonds) word uitdruklik uitgesluit wat die bestek van hierdie Handleiding aanbetref

5.4 Die Hoof- Uitvoerende Beampte is die interne appèlaanhoorder na wie alle betwiste uitsprake wat in PAIA-aangeleenthede gelewer is, verwys moet word. Interne appèlle moet gerig word aan die inligtingsbeampte by PAIA.Appeal@randwater.co.za.

5.5. ’n Interne appèl teen of klagte oor enige besluit van die inligtingsbeampte kan by die Reguleerder aangeteken word, en die prosedure (die tydperk inkluis) vir die aantekening van ’n interne appèl word in Hoofstuk 1 van Deel 4 van PAIA uiteengesit.

5.6. Daar kan by ’n hof aansoek gedoen word om ’n besluit op interne appèl teen te staan.

5.7. In gevalle waar ’n interne appèl, klagte by die Inligtingsreguleerder of ’n hofaansoek aanhangig gemaak is teen ’n versoek om toegang tot ’n rekord te verkry, kan toegang tot die rekord slegs verleen word wanneer finale uitsluitsel verkry is oor of die versoek toegestaan of geweier moet word.

5.8. Om ’n klagte by die Inligtingsreguleerder aanhangig te maak, rig dit aan:

Die Inligtingsreguleerder (Suid-Afrika)

JD House, 27 Stiemens Street, Braamfontein,

Johannesburg, 2001

P.O. Box 31533, Braamfontein, Johannesburg, 2017

E-pos **vir klagtes**: POPIAComplaints@inforegulator.org.za.
E-pos **vir algemene navrae**: enquiries@inforegulator.org.za

6. GIDS DEUR INLIGTINGSREGULEERDER

6.1. Ingevolge artikel 10(1) van PAIA, soos gewysig deur artikel 110 van PoPIA, moet die Inligtingsreguleerder die bestaande gids wat deur die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) opgestel is, en waarin die inligting wat benodig word om enige van die regte, soos beoog in PAIA en PoPIA uit te oefen, vir ’n ieder en ’n elk op ’n maklik verstaanbare wyse vervat is, bywerk en beskikbaar stel.

6.2. Ingevolge artikel 10(2) van PAIA (soos gewysig) moet die gids ’n beskrywing insluit van:

(a) Wat PAIA en PoPIA ten doel het;
(b) Die wyse waarop en formaat waarin aansoek gedoen kan word om toegang te verkry tot:
 (i) ’n rekord van ’n openbare liggaam beoog in artikel 11, en
 (ii) ’n rekord van ’n privaat liggaam beoog in artikel 50;
(c) Die hulp wat die inligtingsbeampte van ’n openbare liggaam ingevolge PAIA en PoPIA kan verleen;
(d) Die hulp wat die Inligtingsreguleerder ingevolge PAIA en PoPIA kan verleen;
(e) Alle regsmiddels met betrekking tot ’n handeling of versuim om te handel ten opsigte van ’n reg of plig wat deur PAIA en PoPIA verleen of opgelê is, met inbegrip van die wyse waarop die volgende aanhangig gemaak word:

ORIGINAL APPROVED

(i) ’n interne appèl;

(ii) ’n klagte aan die Inligtingsreguleerder; en

(iii) ’n hofaansoek teen ’n besluit van die inligtingsbeampte van ’n openbare liggaam, ’n besluit op interne appèl, ’n besluit deur die Inligtingsreguleerder of ’n besluit van die hoof van ’n privaat liggaam;

(f) Die bepalings van artikel 14 waarvolgens daar van ’n openbare liggaam verwag word om ’n handleiding op te stel, en hoe daar toegang tot ’n Handleiding verkry kan word;

(g) Die bepalings van artikel 15 wat bepaal dat ’n openbare liggaam kategorieë van rekords vrywillig openbaar kan maak;

(h) Die kennisgewings wat ingevolge artikels 22 en 54 uitgereik is met betrekking tot gelde wat betaalbaar is ten opsigte van versoeke om toegang; en

(i) Die regulasies wat ingevolge artikel 92 uitgevaardig is.

6.3. Ingevolge artikel 10(3) van PAIA (soos gewysig) moet die Inligtingsreguleerder, indien nodig, die handleiding met tussenposes van nie meer as twee jaar nie bywerk en publiseer.

6.4. Artikel 10(4) bepaal dat die gids, soos voorgeskryf, beskikbaar gestel moet word.

6.5. As jy enige navrae in hierdie verband het, kontak asseblief die Inligtingsreguleerder regstreeks by:

Webwerf:	www.inforegulator.org.za.
Posadres:	P O Box 31533 Braamfontein JOHANNESBURG 2017
Fisiese adres:	JD House 27 Stiemens Street, Braamfontein, JOHANNESBURG, 2001

7. HOE OM TOEGANG TE VERKRY TOT REKORDS WAAROOR RAND WATER BESKIK

Die volgende stappe moet oorweeg word alvorens ’n versoek ingedien word:

7.1. Stap 1: Is jy daarop geregtig om die Wet te gebruik om toegang te versoek?

ORIGINAL APPROVED

7.1.1 Neem asseblief kennis van artikel 7(1) van die Wet wat soos volg lui:

"Hierdie Wet is nie van toepassing nie op 'n rekord van 'n openbare liggaam of privaat liggaam indien –

(a) daardie rekord vir doeleindes van straf- of siviele verrigtinge aangevra word;

(b) dit aldus versoek word na die aanvang van daardie straf- of siviele verrigtinge, na gelang van die geval; en die voorlegging van of toegang tot daardie rekord vir die doeleinde bedoel in paragraaf (a) in enige ander reg gereël word."

7.1.2 Indien artikel 7(1) geld, kan jy nie 'n versoek ingevolge hierdie Wet instel nie. Jy moet die reëls en prosedures vir die blootlegging van inligting volg soos bepaal deur die regsforum en verrigtinge waarby jy betrokke is.

7.1.3 Slaan asseblief ag op artikel 45 van die Wet waarvolgens Rand Water 'n versoek om toegang tot 'n rekord kan weier indien: (a) die versoek klaarblyklik beuselagtig of kwelsugtig is, of (b) die werk wat betrokke is by die prosessering van die versoek waarskynlik die hulpmiddels van die Rand Water wesenlik en onredelikerwys sal wegkeer.

7.2. Stap 2: Bestaan die inligting wat versoek word in die vorm van 'n rekord?

7.2.1 Let asseblief daarop dat hierdie Wet slegs van toepassing is op rekords wat bestaan op die tydstip waarop ons jou versoek ontvang.

7.2.2 Die Wet verplig geeneen om 'n rekord te skep wat nog nie bestaan op die tydstip waarop die versoek gemaak word nie. Byvoorbeeld, die Wet kan nie gebruik word om redes te verkry vir 'n besluit wat deur Rand Water geneem is as sodanige redes nie opgeteken is nie.

7.2.3 As jy seker is dat die rekords bestaan, dui dit asseblief vir ons aan op die voorgeskrewe versoekvorm.

7.3. Stap 3: Is die rekord in die besit of onder die beheer van Rand Water?

7.3.1 Rand Water is 'n groot organisasie en die soektog vir rekords wat versoek word, kan aansienlike tyd, hulpmiddels en uitgawes verg.

7.3.2 Die Wet bepaal dat die rekord wat versoek word, in die besit of onder die beheer van Rand Water moet wees. Vir die doeleindes van die Wet word 'n rekord in die

ORIGINAL APPROVED

besit van of onder beheer van ’n (a) Rand Water-amptenaar of (b) ’n onafhanklike kontrakteur wat deur Rand Water in diens geneem is, beskou as ’n rekord van daardie openbare liggaam of privaat liggaam onderskeidelik. As jy nie seker is of die rekord in die besit of onder die beheer van Rand Water is nie, dui dit asseblief vir ons aan op die voorgeskrewe versoekvorm.

7.3.3 Soos vroeër na verwys, is Rand Water ingevolge artikel 45(b) van die Wet daarop geregtig om ’n versoek om toegang tot ’n rekord te weier as die werk wat dit gaan verg om die versoek te prosesseer, Rand Water se hulpmiddels wesenlik en onredelikerwys sal wegkeer.

7.4. Stap 4: Vorm van versoek

7.4.1 Toegang tot inligting wat hierbo genoem word, sal versoek word deur:

7.4.2 die voorgeskrewe vorm (“Versoek om toegang tot rekord van openbare liggaam) in te vul; en

7.4.3 die voorgeskrewe gelde, soos vermeld in Skedules 1 en 2 van hierdie Handleiding, te betaal. Daar word egter nie van ’n versoeker wat toegang tot ’n rekord wil verkry wat persoonlike inligting oor daardie versoeker bevat, verwag om die versoekgelde te betaal nie.

7.4.4 Die versoeker moet aantoon of die versoek vir ’n afskrif van die rekord is en of die versoeker die rekords by Rand Water se kantore wil besigtig.

7.4.5 Toegang tot die voormelde inligting sal slegs op die wyse soos versoek aan die versoeker verleen word, tensy sodanige wyse onredelikerwys met die bestuur en bedryf van Rand Water sal inmeng of sy rekords sal beskadig of sy outeursreg sal skend.

7.4.6 Indien daar om praktiese redes nie op die wyse soos versoek toegang verleen kan word nie maar wel op ’n alternatiewe wyse, sal die gelde vir toegang bereken word ooreenkomstig die wyse wat deur die versoeker versoek is.

7.4.7 As die versoeker nie kan lees of skryf nie, of gestremd is, kan hy/sy die versoek vir die rekord mondelings doen, in welke geval die inligtingsbeampte die vorm namens sodanige versoeker sal invul en die versoeker van sodanig ingevulde vorm sal voorsien.

7.4.8 Die versoeker moet duidelik op die versoekvorm aantoon:

7.4.8.1 of hy/sy telefonies verwittig wil word of sy/haar aansoek geslaagd was, of op enige ander wyse.

~

ORIGINAL APPROVED

7.4.8.2 in welke kapasiteit die versoek gemaak word indien die inligting namens iemand anders versoek word.

7.4.9 Rand Water sal binne 30 dae vanaf ontvangs van ’n aansoek op die voorgeskrewe vorm op alle aansoeke reageer, uitgesonder gevalle waar ’n beroep op artikel 26 van PAIA gemaak is.

8. PERSOONLIKE INLIGTING

8.1. Insameling en prosessering van persoonlike inligting deur Rand Water

8.1.1 Rand Water neem die privaatheid en beskerming van persoonlike inligting baie ernstig op en sal persoonlike inligting slegs insamel en prosesseer ooreenkomstig toepaslike Suid-Afrikaanse wetgewing wat die beskerming van persoonlike inligting beheer. Derhalwe sal persoonlike inligting slegs ooreenkomstig die voorwaardes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting, soos bepaal in die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013) (“PoPIA”), ingesamel en geprosesseer word. Sonder om die algemeenheid van die voorafgaande in te kort, sal insameling en prosessering van persoonlike inligting deur Rand Water onder andere verseker dat –

8.1.1.1. Die voorwaardes vir regmatige prosessering van persoonlike inligting nagekom word;

8.1.1.2. Prosessering van persoonlike inligting regmatig, vir noodsaaklike en nie uitermatige doeleindes nie, op ’n wyse wat die regmatige belange van die datasubjek/te beskerm en wat nie op hul regte inbreuk maak nie, geskied;

8.1.1.3. Persoonlike inligting slegs met die toestemming van die datasubjek (of bevoegde persoon in die geval van ’n minderjarige subjek) geprosesseer word. Sodanige toestemming kan op enige tydstip ingetrek word, en op daardie punt sal Rand Water die prosessering van persoonlike inligting staak:

Met dien verstande dat persoonlike inligting sonder toestemming geprosesseer kan word vir ’n regmatige, erkende doeleinde soos in PoPIA gespesifiseer.

8.1.1.4. Verdere prosessering van persoonlike inligting sal versoenbaar wees met die oorspronklike oogmerk waarvoor dit ingesamel is, soos bepaal deur faktore soos die aard van die betrokke inligting, moontlike gevolge wat verdere prosessering vir die datasubjek inhou, die wyse waarop die inligting ingesamel is, en kontraktuele regte en verpligtinge wat tussen Rand Water en die datasubjek bestaan.

ORIGINAL APPROVED

8.1.1.5. Redelikerwys uitvoerbare maatreëls getref word om te verseker dat die persoonlike inligting wat verskaf word, akkuraat, volledig en nie misleidend is nie. In hierdie verband sal die doel waarvoor die persoonlike inligting ingesamel of verder geprosesseer is, bepaal wat as redelikerwys uitvoerbaar onder die omstandighede geag kan word;

8.1.1.6. Die datasubjekte toegelaat word om hul regte ingevolge PoPIA met betrekking tot hul persoonlike inligting uit te oefen;

8.1.1.7. Rand Water die integriteit en vertroulikheid van ’n datasubjek se persoonlike inligting in sy besit of onder sy beheer beveilig;

8.1.1.8. Enige operateur of enigeen wat ’n datasubjek se persoonlike inligting namens Rand Water prosesseer, sodanige inligting slegs met die kennis of magtiging van Rand Water prosesseer, en die persoonlike inligting as vertroulik behartig en dit nie openbaar maak nie tensy regtens vereis of in die loop van die behoorlike uitvoering van hul pligte;

8.1.1.9. Waar redelike gronde bestaan om te glo dat ’n ongemagtigde persoon toegang verkry het tot of ’n datasubjek se persoonlike inligting bekom het, Rand Water die Inligtingsreguleerder en die datasubjek, indien die identiteit van laasgenoemde vasgestel kan word, in kennis sal stel. Rand Water sal kennisgewing aan die datasubjek slegs uitstel indien ’n openbare liggaam verantwoordelik vir die voorkoming, opsporing of ondersoek van misdrywe of die Inligtingsreguleerder bepaal dat sodanige kennisgewing ’n strafregtelike ondersoek deur die betrokke openbare liggaam sal belemmer.

8.1.1.10. ’n Datasubjek, by verskaffing van genoegsame bewys van identiteit, die reg het om Rand Water kosteloos te versoek om te bevestig of Rand Water persoonlike inligting oor die datasubjek hou, al dan nie; en die rekord of ’n beskrywing van die persoonlike inligting oor die datasubjek wat deur Rand Water gehou word, met inbegrip van inligting oor die identiteit van alle derde partye wat toegang tot die persoonlike inligting van die datasubjek het of gehad het, kan versoek.

8.2. Doeleindes vir die prosessering van persoonlike inligting deur Rand Water

8.2.1. Rand Water sal persoonlike inligting vir ’n verskeidenheid doeleindes prosesseer, insluitende onder andere die volgende:

8.2.1.1. om kliënte se rekords in stand te hou;

8.2.1.2. vir werwingsdoeleindes;

8.2.1.3. vir indiensnemingsdoeleindes;

ORIGINAL APPROVED

8.2.1.4. om doeltreffende dienste aan kliënte te lewer;
8.2.1.5. om dienste met toegevoegde waarde aan kliënte te lewer;
8.2.1.6. vir voorsiening van gesondheidsdienste en welstandsadvies aan werknemers;
8.2.1.7. vir instandhouding van Rand Water se rekeninge en finansiële rekords;
8.2.1.8. om Rand Water se werknemers te ondersteun en te bestuur;
8.2.1.9. vir gebruik van tegnologie om Rand Water se bates te beveilig;
8.2.1.10. om eise te assesseer en te prosesseer;
8.2.1.11. om bedrog, korrupsie en ander misdrywe op te spoor en te verhoed;
8.2.1.12. vir marknavorsing en statistiese ontleding;
8.2.1.13. om aan regs- en regulatoriese vereistes te voldoen;
8.2.1.14. om die identiteit van die datasubjek te verifieer;
8.2.1.15. vir reisdoeleindes;
8.2.1.16. vir algemene administratiewe, finansiële en belastingdoeleindes;
8.2.1.17. vir regs- en kontraktuele doeleindes;
8.2.1.18. om toegang tot Rand Water se persele en fasiliteite te moniteer en hulle te beveilig en te bestuur;
8.2.1.19. om te help om die gehalte van Rand Water se dienste te verbeter;
8.2.1.20. om skuld te verhaal; en
8.2.1.21. om kliënte te ontleed en kliëntprofiele saam te stel.

8.3. Datasubjekte wie se persoonlike inligting deur Rand Water prosesseer word

8.3.1. Die persoonlike inligting van die volgende kategorieë datasubjekte word geprosesseer:
8.3.1.1 lede van die direksie;
8.3.1.2. lede van die Uitvoerende Raad;
8.3.1.3. werknemers en voornemende werknemers;
8.3.1.4. konsultante;
8.3.1.5. klaers en navraers;
8.3.1.6. trustees van Rand Water-pensioenfondse;
8.3.1.7. direkteure, uitvoerende beamptes en werknemers van filiale;
8.3.1.8. eksterne kontrakteurs;
8.3.1.9. verskaffers en diensverskaffers;
8.3.1.10. kliënte en hul werknemers;
8.3.1.11. individue vasgelê op CCTV-beelde/video's;
8.3.1.12. individue wat belangstelling in Rand Water se dienste getoon het;

ORIGINAL APPROVED

8.3.1.13. begunstigdes van Rand Water se inisiatiewe vir korporatiewe maatskaplike investering met inbegrip van die Rand Water-stigting;

8.3.1.14. datasubjekte wat by ondersoeke gelas deur Rand Water betrek word; en

8.3.1.15. gesinslede en vriende van werknemers

8.4. Persoonlike inligting wat deur Rand Water geprosesseer word

8.4.1. Die volgende kategorieë persoonlike inligting word deur Rand Water geprosesseer:

8.4.1.1. persoonlike besonderhede van natuurlike persone;

8.4.1.2. leefstyl en sosiale gedrag;

8.4.1.3. sakebedrywighede;

8.4.1.4. goedere verskaf en dienste gelewer;

8.4.1.5. persoonlike sienswyses en/of voorkeure;

8.4.1.6. besonderhede van gesinslede en vriende;

8.4.1.7. opvoedkundige en werksgeskiedenis;

8.4.1.8. visuele beelde van individue vasgelê op CCTV;

8.4.1.9. finansiële besonderhede; en

8.4.1.10. maatskappyregistrasiebesonderhede van regspersone.

8.5. Spesiale persoonlike inligting wat deur Rand Water geprosesseer word

8.5.1. Rand Water sal die volgende kategorieë spesiale persoonlike inligting prosesseer:

8.5.1.1. inligting met betrekking tot ras en/of etniese herkoms;

8.5.1.2. inligting oor werknemers se vakbondlidmaatskap;

8.5.1.3. misdrywe of beweerde misdrywe;

8.5.1.4. geloofs- of ander oortuigings;

8.5.1.5. besonderhede oor fisieke/geestesgesondheid; en

8.5.1.6. strafregtelike verrigtinge, bevindinge en vonnisse

8.6. Ontvangers met wie persoonlike inligting gedeel word

8.6.1. Rand Water sal persoonlike inligting met die volgende ontvangers of kategorieë van ontvangers deel:

ORIGINAL APPROVED

Wanneer só ’n behoefte ook al ontstaan, sal Rand Water die persoonlike inligting wat deur hom prosesseer word, met die datasubjekte opsigself deel. In gevalle waar dit genoodsaak word, word daar van Rand Water verwag om aan die toepaslike bepalings van PoPIA te voldoen. Hierna volg ’n beskrywing van kategorieë van ontvangers met wie Rand Water, om een of ander rede, dalk persoonlike inligting moet deel:

8.6.1.1. familie, deelgenote en verteenwoordigers van die datasubjek;
8.6.1.2. arbeids- en werwingsagentskappe;
8.6.1.3. organisasies wat finansiële dienste lewer;
8.6.1.4. Kredietburo’s;
8.6.1.5. gesondheidsorg-, maatskaplike en welsynsorganisasies;
8.6.1.6. gesondheidskundiges;
8.6.1.7. sentrale regering;
8.6.1.8. wetstoepassingsagentskappe;
8.6.1.9. howe, kommissies van ondersoek en ander tribunale;
8.6.1.10. sakevennote;
8.6.1.11. eisers en begunstigdes in bestorwe boedels;
8.6.1.12. persone wat ’n navraag of klagte indien;
8.6.1.13. privaat speurders;
8.6.1.14. opvoeders en eksaminerende liggame;
8.6.1.15. eise-ondersoekers;
8.6.1.16. verskaffers en diensverskaffers;
8.6.1.17. bedryfsliggame;
8.6.1.18. ombudsmanne en reguleringsowerhede;
8.6.1.19. skuldinvorderings- en opsporingsagentskappe;
8.6.1.20. ander bedryfsafdelings van Rand Water;
8.6.1.21. ouditeurs en die Ouditeur-Generaal;
8.6.1.22. pensioenfondsadministrateurs;
8.6.1.23. vakbonde; en
8.6.1.24. sekuriteitsorganisasies.

8.7. Beplande vloei van persoonlike inligting oor landsgrense

8.7.1. Dit mag van tyd tot tyd vir Rand Water nodig wees om persoonlike inligting van datasubjekte met derde partye in ander lande te deel. In gevalle waar so ’n behoefte ontstaan, word daar van Rand Water verwag om aan die toepaslike bepalings van

ORIGINAL APPROVED

PoPIA te voldoen. Dít sal slegs gedoen word as daar aan een of meer van die volgende vereistes voldoen word:

8.7.1.1.

Die derde party wat die ontvanger van die inligting is, onderhewig is aan ’n wet, bindende korporatiewe reëls of ’n bindende ooreenkoms wat ’n genoegsame vlak van beskerming bied wat –

~

(i) beginsels vir die redelike prosessering van die inligting wat wesenlik soortgelyk is aan die voorwaardes vir die regmatige prosessering van persoonlike inligting doeltreffend handhaaf met betrekking tot ’n datasubjek wat ’n natuurlike persoon is en, waar van toepassing, soos uiteengesit in PoPIA; en

(ii) bepalings, wat wesenlik soortgelyk is aan artikel 72 van PoPIA, insluit met betrekking tot die verdere oordrag van persoonlike inligting vanaf die ontvanger na derde partye wat in ander lande is;

8.7.1.2. Die datasubjek tot die oordrag toestem;

8.7.1.3. Die oordrag noodsaaklik vir die uitvoering van ’n kontrak tussen die datasubjek en die betrokke maatskappy is, of vir die implementering van voor-kontraktuele maatreëls wat in antwoord op die datasubjek se versoek geneem word;

8.7.1.4. Die oordrag noodsaaklik is vir die sluiting of uitvoering van ’n kontrak wat in die belang van die datasubjek tussen die betrokke maatskappy en ’n derde party gesluit is; of

8.7.1.5. die oordrag tot voordeel van die dataonderwerp is, en –

(i) dit nie redelikerwys uitvoerbaar is om die toestemming van die datasubjek vir daardie oordrag te verkry nie; en

(ii) indien dit redelikerwys uitvoerbaar sou wees om sodanige toestemming te verkry, die datasubjek dit waarskynlik sou verleen het.

8.8. Algemene beskrywing van digitale tegnologie- en inligting- (DTI-) sekuriteitsmaatreëls wat binne Rand Water geïmplementeer word

ORIGINAL APPROVED

8.8.1. Rand Water sal van toereikende tegnologie gebruik maak om data in sy sorg te stoor. Rand Water sal aan aanvaarbare DTI-bedryfstandaarde voldoen om maatskappy-inligting te beskerm, en ’n verskeidenheid sekuriteitslae sal gebruik word om die vertroulikheid, integriteit en beskikbaarheid van ons data en inligting (insluitende persoonlike inligting) te beskerm en te beveilig.

9. OORWEGING VAN VERSOEK

9.1 Onderhewig aan die bepalings van die Wet, sal Rand Water ’n versoek om toegang tot inligting toestaan indien:

9.1.1 alle prosessuele aangeleenthede met betrekking tot ’n versoek, soos uiteengesit in die Wet, nagekom is; en

9.1.2 toegang tot die versoekte inligting nie geweier word op grond van enige gronde van weiering soos in die Wet uiteengesit nie.

9.2 Die gronde vir weiering word in Hoofstuk 4 van Deel 2 van die Wet uiteengesit wat die verpligte beskerming van aspekte soos die volgende dek:

9.2.1. kommersiële inligting van derde party;
9.2.2. sekere vertroulike inligting;
9.2.3. veiligheid van individue, en beskerming van eiendom;
9.2.4 rekords geprivilegeerd van voorlegging in geregtelike verrigtinge;
9.2.5 ekonomiese belange en finansiële welsyn van die Republiek en kommersiële aktiwiteite van openbare liggame;
9.2.6 navorsingsinligting van derde party, en beskerming van navorsingsinligting van die openbare liggaam; en
9.2.7 sekere inligting rakende die werking van openbare liggame.

9.3. Rand Water kan ook versoeke weier wat klaarblyklik beuselagtig of kwelsugtig is of wat daartoe aanleiding sal gee dat hulpmiddels wesenlik en onredelikerwys weggekeer word.

10. REKORDS WAT OUTOMATIES BESKIKBAAR IS

ORIGINAL APPROVED

10.1 Ingevolge artikel 15 van PAIA, is die volgende inligting oor die volgende onderwerpe sonder ’n formele versoek op/in Rand Water se webtuiste, plakkate en brosjures beskikbaar:

10.1.1. geïntegreerde jaarverslag;
10.1.2. finansiële jaarstate;
10.1.3. algemene roetine-inligting met betrekking tot Rand Water;
10.1.4. Watergehaltestandaarde;
10.1.5. Waterslimveldtog;
10.1.6. die omgewing verseker;
10.1.7. kleinmaatwater en -tariewe;
10.1.8. algemene voorwaardes vir watervoorsiening;
10.1.9. opvoedkundige inligting oor die bestuur van bergingstelsels, watergehalte, waterverbruikspatrone, bestuur van infrastruktuur, watersuiwering, sanitasie, waterontleding, blou druppel;
10.1.10. projekte en programme verwant aan korporatiewe verantwoordelikheid;
10.1.11. persvrystellings, geleenthede en nuusbriewe;
10.1.12. Handves vir Kliënte;
10.1.13. Damvlakke;
10.1.14. vakatures;
10.1.15. Tenderinligting; en
10.1.16. Rand Water se mediese skema.

11. REKORDS WAT FORMEEL VERSOEK MOET WORD

11.1 Rand Water hou inligting met betrekking tot die volgende onderwerpe waarvoor ingevolge onderafdeling 7.4 formeel aansoek gedoen moet word:

11.1.1. wetgewing en regsaangeleenthede;
11.1.2. organisasie en beheer;
11.1.3. menslike hulpbronne;
11.1.4. finansies en verkryging;
11.1.5. risikobestuur;
11.1.6. dienste en administrasie;
11.1.7. kommunikasie en openbare betrekkinge;
11.1.8. ingenieurskontrakte, -spesifikasies en -navrae;
11.1.9. watervoorsiening en -verspreidingsnetwerk;
11.1.10. beskerming van Rand Water se pyplyne en dienste;

ORIGINAL APPROVED

11.1.11. reservoirs, studamme en slykwegdoeningsterreine;

11.1.12. werking van pompstasies en depots;

11.1.13. installasies en aanlegte;

11.1.14. wetenskaplike dienste;

11.1.15. opvangsgebiedbestuur en besoedelingsbeheer;

11.1.16. gemeenskapsgebaseerde projekte;

11.1.17. bemarking;

11.1.18. kleinmaatwaterbedrywe;

11.1.19. grootmaatsanitasie; en

11.1.20. intellektuele eiendom.

11.2. Die voormelde inligting is vervat in die volgende formate:

11.2.1. verslae voorgelê aan bestuurskomitees en die Raad;

11.2.2. notules van vergaderings van bestuurskomitees en die Raad;

11.2.3. korrespondensie (inkomende en uitgaande);

11.2.4. interne memoranda en e-posboodskappe (tussen terreine en hoofkantoor);

11.2.5. fakture, state en rekwisisies;

11.2.6. verslae, statistieke (vir interne en eksterne verwysing);

11.2.7. tegniese tekeninge en geïllustreerde (fotografiese) materiaal;

11.2.8. konfigurasiedokumentasie; en

11.2.9. bedryfshandleidings vir toerusting en masjinerie.

12. REMEDIES TEEN GRONDE VIR WEIERING

12.1 Indien na voldoening aan die prosessuele vereistes vermeld in onderafdeling 7.4 hierbo,

die adjunk-inligtingsbeampte weier om toegang tot inligting te verleen, en sodanige weiering nie gegrond is op enige gronde vir weiering vermeld in die Wet nie, kan die versoeker by die inligtingsbeampte appèl aanteken teen die besluit van adjunk-inligtingsbeampte.

12.2 Die versoeker kan by ’n hof aansoek doen vir verdere regshulp indien hy/sy nie tevrede is met die inligtingsbeampte se besluit oor ’n aangeleentheid waarteen appèl aangeteken is nie.

13. BESKIKBARE DIENSTE

ORIGINAL APPROVED

13.1 Aard van dienste: Rand Water stel die volgende dienste tot beskikking van lede van die publiek:

13.1.1. grootmaatwaterdienste;
13.1.2. kleinmaatwaterdienste;
13.1.3. sanitasiedienste;
13.1.4. gemeenskapsgebaseerde projekte;
13.1.5. inligting oor water en verwante gehaltekwessies; en
13.1.6. algemene inligting met betrekking tot Rand Water.

13.2. Hoe om toegang tot hierdie dienste te verkry:

13.2.1. Grootmaat- en kleinmaatwater- en sanitasiedienste is hoofsaaklik beskikbaar via Rand Water se agentskappe, soos plaaslike owerhede.
13.2.2. Gemeenskapsgebaseerde noodleniging word tot die beskikking van landelike gebiede en informele nedersettings gestel.
13.2.3. Toegang tot inligtingsdienste oor water- en verbandhoudende gehaltekwessies kan verkry word via die inligtingsbeampte wat gekontak kan word by die besonderhede wat in onderafdeling 5 hierbo verskaf is.

14. OPENBARE DEELNAME

14.1. Rand Water het verskeie reëlings vir openbare deelname aan die formulering van Rand Water se beleid en die uitoefening van sy gesag getref. Die volgende openbare forums is daargestel sodat daar werk gemaak kan word van sekere kritieke kwessies wat betrekking het op sy interaksie met lede van die publiek:

14.1.1. Waterdiensteforum: Hierdie direkte koppelvlak met grootmaatkliënte en vername belanghebbers vervul ’n sterk ondersteunende en koördinerende rol tussen diegene wat by bedrywe verwant aan water- en sanitasiedienste in Rand Water se voorsieningsgebied betrokke is.
14.1.2. Forum vir nywerhede en direkte verbruikers: Hierdie forum verleen erkenning aan die feit dat die dienste wat Rand Water aan die nywerheidsektor lewer, belangrik is, en so ook sy dienste aan direkte verbruikers.
14.1.3. Mynbouforum: Hierdie forum verleen erkenning aan die belangrikheid van die mynbousektor.
14.1.4. Forums vir wateropvangsgebiede: Hierdie forums dien as platforms om aangeleenthede verwant aan wateropvangsgebiede te bespreek en om hierdie opvangsgebiede te bevorder en te verbeter.

ORIGINAL APPROVED

15. VERMISTE REKORDS

15.1. In gevalle waar rekords redelikerwys nie opgespoor kan word nie maar waartoe die versoeker andersins toegang sou hê indien die rekord beskikbaar sou wees, het versoekers die reg om ’n verklaring ter verduideliking as antwoord te ontvang.

16. VERNIETIGING VAN REKORDS

16.1. Versoekers sal in kennis gestel word as ’n spesifieke rekord wat versoek is, vernietig is.

17. HERSIENING

17.1. Hierdie Handleiding sal driejaarliks bygewerk word, of wanneer omstandighede verander.

18. VERWYSINGS

Titel van dokument	Dokumentnr.	Plek
Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting	(Wet 2 van 2000)	Internet
Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting	(Wet 4 van 2013)	Internet
Vereiste ingevolge stelsel vir gehaltebestuur	ISO 9001:2015	Gehaltebestuurkantoor

19. REKORD- EN DATABEHOUD

Rekord / Dokument	Vorm-/ Dok. Nr.	Plek	Databehoud-termyn
Vorm A: Versoek om toegang tot rekord van openbare liggaam	RW Rec 00021 F	Korporatiewe rekordafdeling	5 jaar
Vorm B: Kennisgewing van interne appèl	RW Rec 00022 F	Korporatiewe rekordafdeling	5 jaar

20. HISTORIESE OORSIG VAN VERANDERINGE AAN DOKUMENTE

Die volgende tabel bied ’n oorsig van hoe hierdie dokumente met verloop van tyd verander is en ’n beskrywing van elke hersiening.

Datum	Nommer van vorige hersiening	Nommer van nuwe hersiening	Beskrywing van elke hersiening

ORIGINAL APPROVED

Datum	Nommer van vorige hersiening	Nommer van nuwe hersiening	Beskrywing van elke hersiening
04/08/2017	Geen	01	Voldoening aan ISO 9001-formaat
20/09/2019	01	02	Formaat verbeter om gebruiksgerief te verseker; adjunk-inligtingsbeamptes bygewerk gegrond op organisatoriese veranderinge; en bepalings met betrekking tot vermiste en vernietigde rekords bygewerk.
06/05/2021	02	03	Ooreenstemming met PoPIA-vereistes en organisatoriese veranderinge bewerkstellig.
09/09/2022	03	04	PAIA en PoPIA in een Handleiding geïntegreer; alle kritieke elemente van PoPIA ingevoeg; en AIB's aangepas in opdrag van HUB. Handleiding ook in ooreenstemming gebring met die templaat uitgereik deur Inligtingsreguleerder.

ORIGINAL APPROVED